

Maak 'n Inpak - Hebreërs 12:1-2 NLV

Die mans en vrouens wat die grootste impak op die wêreld gemaak het, was diegene wat totaal gefokus en toegewyd aan hulle visie was. John Wesley, die stigter van die Metodiste kerk, het een keer gesê: 'As ek driehonderd manne gehad het wat niks anders as God gevrees het nie, niks anders as sonde gehaat het nie en vasbeslote was om niks anders behalwe van Jesus Christus en Hom wat gekruisig is te weet nie, sou ek die wêreld aan die brand kon steek.' Jonathan Edwards, wie se bediening die Groot Herlewing in Amerika veroorsaak het, het die volgende sy lewensleuse gemaak: 'Voorneme Een: Ek sal vir God lewe. Voorneme Twee: As niemand anders dit doen nie, sal ek steeds.

C.T. Studd, een van Engeland se grootste atlete, het die wêreld geskok toe hy roem en rykdom prysgegee het om 'n sendeling in China te wees. 'As Jesus Christus God is en vir my gesterf het, dan kan geen opoffering te groot vir my wees om vir Hom te maak nie,' het hy verduidelik. Die sendeling Jim Elliot, wat as martelaar in Suid-Amerika gesterf het, het gesê: 'Die persoon wat gee wat hy nie kan behou nie, om dit te verkry wat hy nie kan verloor nie, is geen dwaas nie.

Die dag toe jy gebore is, het God 'n baan vir jou gehad om op te hardloop. Om egter te wen, moet jy ontslae raak van: 1) enigiets wat jou afrem, en 2) enigiets wat jou laat struikel. '...Kom ons stroop alles af wat ons spoed kan vertraag, veral die sonde wat so maklik 'n houvas op 'n mens kry. Kom ons hardloop met volharding op die baan wat voor ons uitgestrek lê, ons oë vasgenael op Jesus...' (verse 1-2 NLV).

Geskryf deur Bob & Debby Gass

Gemeente - Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Tannie Poppie Reyneke
Annie Brink
Tannie Rina van der Vyver
Jaco Steenkamp
Rudi Kruger
Tannie Marinda Jordaan
Tannie Bets Coetzee
Johnny Viviers
Flippie Roslee
Annika Killian
Leonie Kruger
Willie Viljoen
Annatjie Pienaar
Jurie Matthee
Jillian Jansen
Jaap Naude
Willie Britz

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



Die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.

Hebreërs 12:2



Gedagte vir die week



“...laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop...Heb 12:2



Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer ...
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005